# DIE BELOFTES VAN GOD

**TEMA:** **Beloftes van God**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING:** **Jeremia 31:21**

**Jer. 31.21 Rig vir jou mylpale op, maak vir jou padwysers, let op die grootpad, die pad wat jy geloop het**

**a) Die vraag wat ons dikwels hoor is, waarom kom beloftes en profesieë nie tot vervulling in die lewe van die kind van God nie.**

Daar is ongeveer **7 648 beloftes** in die Woord van God.

**b) Wat word gefouteer en hoekom realiseer dinge nie in ons lewens nie.**
**c)) Wat is 'n belofte of 'n profesie wat God vir ons gee?**

Dit is mylpale wat die Almagtige in ons lewens plant om vir ons toekomswysers daar te stel.
Jer. 31: 21 Rig vir jou mylpale op, maak vir jou padwysers, let op die grootpad, die pad wat jy geloop het.

i) Ons moet in die woord van God na Sy Wil vir ons lewe gaan soek.
ii) Daar is verskillende profesieë en beloftes in die Woord van God.
iii) Mense verstaan nie dat profesieë en beloftes lê in die **toekoms** en nie in vandag nie.

Die Here sal jou laat verstaan dat Hy vir jou 'n mylpaal opgerig het, en dat jy goed doen sovêr en dit is hoekom daar 'n volgende mylpaal vir jou is, maar die Here wil hê dat jy daarna moet uitreik.

Ons kan alleenlik daarna uitreik deur:
- die leiding van die Heilige Gees,
- en onsself neer te lê,
- ons kruis op te neem en Christus Jesus te volg.

Om Jesus te volg is die enigste pad, maar met elke tree wat vervul word is 'n tree nader aan die belofte. Ons sal egter probleme ondervind want satan sal op elke tree probeer om in jou pad te staan. Satan hou nie daarvan dat jy geestelik moet groei nie, want hoe meer jy geestelik groei hoe groter probleem raak jy vir satan. Satan sal jou eerder makliker idees wil gee en so jou probeer verhinder om God se wil na te streef.

-o0o-

Ons almal het al beloftes ontvang. Maria, die moeder van Jesus is deur engel Gabriël besoek en daar is vir haar gesê dat sy gekies is om die Messias voort te bring. Maria het hierdie profesieë haar eie gemaak. Sy het dit aangeneem en dit in haar hart bewaar.

1. **'n Belofte of profesie is saad van die Vader wat gesaai word op jou grondgebied.**

- Saad sal nooit ontkiem as dit bo-op grond bly lê nie. Jy moet die saad in jou grondgebied aanvaar, dit aanneem en in jou binneste bewaar want dit is 'n betroubare woord.
- Saad sal wortel skiet sodra jy daaroor bid, oordink en mediteer. Geen saad dra onmiddellik vrug nie. Vrugte spruit na vore, na 'n sekere tyd.

2. **Ons moet nie verwag dat beloftes of profesieë op dieselfde dag sal realiseer nie.**

- Die belofte moet eers ingegroei word, want ons is nie volwasse genoeg om dit te kan hanteer nie.
- Die les wat vandag leer, sal jou help om môre deur te kom, en môre se les sal help om die dag daarna deur te kom. Elke dag is 'n tree nader aan die belofte tot die dag aanbreek wanneer ons kan sien die belofte of profesie kom tot vervulling.
- Dit gebeur dikwels dat jy nie eers besef jy het die belofte nagejaag, en vind dat dit vervul is.

3. **Wanneer God vir ons beloftes gee, stuur hy ook Sy engele vir ons.**

- As ons bid oor siekte of finansies en dit kom nie deur nie, is 'n verantwoordelikheid rondom die gebede wat moet terugkom vanuit die troonkamer van God. Daniël 10 maak dit verstaanbaar. 'n engel verskyn aan Daniël om hom in te lig oor die toekoms van die Joodse volk.
- Dit is belangrike dat ons geestelike oorlogvoering in ons daaglikse lewe moet voer. Dit is 'n stryd. Christus sê vir ons dat ons 'n stryd gaan hê maar dat ons goeie moed moet hou, want Hy het die wêreld oorwin. Oorwinning is net in Hom, en nie in onsself nie, ons kan nie die oorwinning behaal nie. Ons moet slegs doen wat Sy Woord ons onderrig.

Ons moet weet dat God ons hoor as ons begin bid oor 'n saak, maak nie saak wat dit is nie. Al wanneer daar 'n skeidsmuur kan wees tussen ons en God is as daar sonde is.
Jes. 59:2 maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

As ons kinders van God is en ons wandel op die regte pad moet die beloftes deurkom, behalwe as ons nie weet wat om te doen nie. Daniël 10 wys vir ons dat Gabriël na Daniël toe gekom het en vir hom gesê het dat sy gebede alreeds verhoor is een-en-twintig dae gelede en God het hom gestuur om vir hom die beloftes te kom gee maar is opgehou deur die Vors van Persië wat teen hom gestaan het en hom verhoed het om deur te kom waarna die aartsengel het hom gehelp het.

Ons moet verstaan dat engele reeds oppad is en God ons gebede reeds gehoor het. Die stryd is wel teen die bose magte en owerhede in die lug wat verhoed dat seëninge en gebeure kan deurbreek.

-o0o-

4. **Daar is 'n oplossing vir elke probleem**.

- God het alles deeglik beplan en as ons dit kan insien sal ons weet wat ons te doen staan.
- Daagliks moet die bloed van Jesus geneem word
- en dit moet in ons lugruime besprinkel word sodat geen bose gees of mag in die lugruim kan okkupeer nie. Ons kan net die ruimte besprinkel waar ons gesag op het.

Twee tot drie kinders van God kan saam verskillende areas besprinkel, waarna die engele van God vrye toegang tot ons huise, werke en areas sal hê. Gebede sal gehoor word en die engele kan reageer en God gee die opdrag vir die engele en hulle bring dit terug.

*Daar is vrye toegang in die lugruim bo jou grondgebied as jy dit besprinkel met die Bloed van Jesus en die bose magte sal nie jou lugruim beset nie.*

**Hou jou plek skoon en geen struikelblok sal in jou pad kan lê nie. Slegs dan sal ons sien hoe die engele in ons lewens kan funksioneer.**

-o0o-